



Redaksioneel

In die Skriflig fokus op die gereformeerde teologie. Gesonde debatvoering was nog altyd deel van die reformatoriese erfenis. Hierdie uitgawe van *In die Skriflig* weerspieël twee sulke debatte:

- Die *navorsingsartikels* handel oor 'n spesifieke aspek van die gereformeerde belydenis, sodat hierdie uitgawe as 'n *tema-uitgawe* beskou kan word. Jorrie Jordaan, as leier van die navorsingspan wat op die aspek ingegaan het, gee hier onder verdere besonderhede.
- 'n *Diskussie-artikel* word geplaas, waarin Adrio König reageer op 'n resensie van sy boek, *God, waarom lyk die wêreld so?* As wetenskaplike tydskrif plaas *In die Skriflig* nie korrespondensie nie, maar hierdie artikel lê op die vlak van voortgaande wetenskaplike diskussie.

Paul Krüger

Redakteur: *In die Skriflig*

Inleidende opmerkings

Na aanleiding van sy doktorsale navorsing oor die Romeinebrief het prof. M.A. Kruger (emeritusprofessor van die GKSA) bepaalde standpunte teen die algemeen aanvaarde onderskeid tussen 'n 'algemene openbaring' en 'n 'besonderhede openbaring' van God ingeneem. Hierdie standpunt blyk ook konsekwensies te hê vir die brandende vraag wat in die wêreld (en in Suid-Afrika) vandag baie aktueel is, nl. of diegene wat nooit die Evangelie gehoor het of die Bybel gelees het nie, kwalik geneem kan word omdat hulle Christus nie ken nie. Aangesien Romeine 1:18-32 'n sentrale teks in verband met genoemde vraagstuk is, blyk dit dat die vraag nie sonder 'n deeglike en omvattende eksegeese van Romeine 1:18-32 beantwoord kan word nie.

Hierdie aanhaling kom uit die motivering waarmee 'n groep navorsingsgenote van die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO in 2002 bymekaargekom het om 'n studie van Romeine 1:18-32 te doen. Hulle

doel hiermee was om vas te stel watter lig Romeine 1 bied ten opsigte van die vraag of 'n mens tot saligmakende geloof kan kom bloot op grond van God se openbaring in die skepping, onderhouding en regering van alle dinge, en of 'n mens ook die Skrifopenbaring daarvoor nodig het. Aangesien hierdie navorsingsvraag nie net eksegetiese studie gevra het nie, maar ook dogmatiese studie, is die navorsingsgroep so saamgestel dat dit biblioloë sowel as dogmatoloë ingesluit het.

Die *eksegetiese studie* van Romeine 1:18-32 is so aangepak dat elkeen van die biblioloë hom/haar op een aspek van die eksegetiese toegespits het (grammatikale analise, ontleding van gedagtestruktuur, retoriese analise, sosiohistoriese studie en openbaringshistoriese plasing). Sommige van die resultate van hierdie studie word in dié nommer van *In die Skriflig* in drie onderskeie artikels weergegee. Die gevolg is dat die artikels van prof. F.P. (François) Viljoen, prof. E.M. (Elma) Cornelius en prof. G.J.C. (Jorrie) Jordaan eintlik as onderafdelings van 'n geheel-eksegetiese gelees moet word.

Aanvullend tot die eksegetiese studie is ook artikels ingesluit wat die problematiek uit 'n meer *dogmatiese of etiese* hoek beskou. Die artikel van prof. J.H. (Amie) van Wyk bevat die dogmatiese studie; die artikel van dr. D.G. (Douw) Breed neem 'n meer eties-missiologicaliese perspektief op die saak in.

Aangesien die direkte navorsingsprobleem in werklikheid begin het by standpunte wat deur prof. M.A. Kruger gestel is, is besluit om die hele bundel van artikels *in te lei met 'n artikel van prof. Kruger* waarin hy sy siening van die aangeleentheid gee. Eers daarna volg dan die resultate van die ander navorsers.

Gert (Jorrie) Jordaan

Projekleier: *Studiegroep oor Romeine 1:18-32*